



So het dit gelyk toe daar met die finale bogrondse werk besig was. (1) is 'n gedeelte van die verhoogtoring van die toneelskouburg en (2) die verhoogtoring van die operaskouburg; (3) dui die dak van die opera-ouditorium aan en (4) die ingang na die ondergrondse parkeer-ruim vir 1 000 motors. (5) is die dak van die toneel-ouditorium met sy foyer net voor en onder hom. Die dubbelverdieping-foyer van die operagebou (6) is nog onder konstruksie. 'n Oopte, met plaveistene uitgelê (7) sal toegang gee vanaf Kerkstraat (8) en Prinsloostraat (10) tot beide groot teaters. Truk se administratiewe hoofkantoor steek in die middel agter (9) sy kop uit.

Work in progress on (1) a section of the stage tower of the drama theatre; (2) the stage tower of the opera theatre; (3) the roof of the opera auditorium; (4) the entrance to the underground parking garage for 1 000 motor cars, (5) the roof of the stage auditorium. (6) is the two-storey foyer of the opera building. (7) is an open space which will be paved while (8) is the entrance from Church Street and (10) the entrance from Prinsloo Stret. PACT's new administrative office block is in the centre at (9).

op keer terug voor die grootte van die plek. Die ouditoriums van die operahuis aan die een kant en die toneelskouburg aan die ander — die plekke waar die publiek uiteindelik die geslaagdheid van sowel die gebou as die aanbiedinge daarin gaan beoordeel — vorm maar 'n klein gedeelte van die geheel.

Die Staatsteater sal nie bloot 'n moderne, imposante gebou wees waarin daar 'n paar spoggerige teaters opgeneem is nie, maar in der waarheid die tuiste van 'n hele bedryf. Op die enkele perseel kom daar 'n dekorfabriek en alles wat daarmee saamgaan; daar is 'n gebou van veertien verdiepings waarin die administrasie en Truk reeds gehuisves word; daar is parkeergarages vir 'n duisend motors . . .

By voltooiing sal dit die grootste sentrum van sy soort in die Suidelike halfrond wees. Die hooforing is een van die hoogste verhoogtorings ter wêreld.

Hoekom so duur? Hoekom so groot? Is al dié besteding werklik nodig? 'Dit sal nie slegs 'n teater-tuiste vir vandag wees nie,' sê mnr. Eghard van der Hoven, direkteur van Truk, 'dit is 'n onderneming vir die toekoms. Die fasiliteite wat nou daargestel word, moet nog in die jaar 2000 en ook nog baie dekades daarna in die basiese behoeftes van 'n altoos groeiende teaterbedryf kan voorsien.

'n Gebou van tien of vyftien miljoen rand sou miskien voldoende gewees het om vir die huidige 'n operahuis vir die Noorde te voorsien, maar dit is nie die soort gebou waaraan jy later kan aanlas nie. As die ding oor 'n paar jaar te klein of te onprakties blyk te wees, sal jy moet platslaan en weer van vooraf begin beplan, geld kry en bou.'

Mnr. Hans Botha, mede-argitek sê: 'Dis 'n gebou vir vandag en vir die toekoms. Jy kan nie goedkoop